# Graad 2

# Lewensvaardigheid


# Kwartaal 4



Naam en van:

# Provinsies

Suid-Afrika het 9 provinsies:




# Provinsies

Beantwoord die volgende vrae.

1. Maak 'n lys van al die provinsies in Suid-Afrika.

| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |
| 4. |
| 5. |
| 6. |
| 7. |
| 8. |
| 9. |





2. Maak 'n kruisie in die provinsie waar jy woon.
3. In watter provinsie woon jy? ____________________
4. In watter dorp woon jy? ________________________
5. Hoeveel provinsies is in Suid-Afrika? _____________

6. Watter provinsie is die grootste? Kleur dit in. ________________
7. Watter provinsie is die kleinste? Kleurdit in.

# Landsvlag

Suid-Afrika het op 27 April 1994 'n nuwe landsvlag gekry. Dit is ons nasionale vlag, want dit behoort aan ons land.




Gebruik hierdie kleure om die landsvlag in te kleur.

rooi – 1
geel – 2
groen – 3
swart – 4
wit – 5
blou – 6



# Landswapen



'n Landswapen is soos die handtekening van 'n land. Wanneer ons ons landswapen op 'n boek of verslag sien, weet ons dit kom van die Suid-Afrikaanse regering af. Ons landswapen bevat baie simbole. Elkeen het ' n spesiale betekenis.

'n Sekretarisvoël met oopgespreide vlerke. Hy hou wag oor ons nasie.

Die opkomende son, wat lig en lewe beteken.




'n Proteablom, wat die skoonheid van die land simboliseer.

'n Spies en knopkierie in 'n rustende posisie, om te wys dat daar vrede in die land heers.

Olifanttande, wat ons wysheid simboliseer.

'n Skild, wat wys dat ons gereed is om wat ook al gebeur, te hanteer.

Koringare vir die vrugbaarheid van ons land, wat dit vir ons moontlik maak om genoeg kos te kweek om te eet.

Twee San-rotstekeninge, om ons aan die eerste mense wat in ons land gewoon het, te herinner.

Ons slagspreuk, Ike e:/xarra//ke, wat in die taal van die Khoisan "verskillende mense verenig" beteken.

# Volkslied

Nkosi Sikelel' iAfrika beteken "God seën Afrika"

Xhosa

Nkosi sikelel' iAfrika
Maluphakanyisw' uphondo lwayo,

Zulu

Yizwa imithandazo yethu,
Nkosi sikelela, thina lusapho lwayo.

Sotho

Morena boloka setjhaba sa heso,
O fedise dintwa le matshwenyeho,
O se boloke, O se boloke setjhaba sa heso,
Setjhaba sa South Afrika - South Afrika.

Afrikaans

Uit die blou van onse hemel,
Uit die diepte van ons see,
Oor ons ewige gebergtes,
Waar die kranse antwoord gee,


Engels

Sounds the call to come together,
And united we shall stand,
Let us live and strive for freedom,
In South Africa our land.

# Nasionale simbole

Skryf 'n byskrif vir elke nasionale simbool.

| | | |
|---|---|---|
| galjoen | geelhoutboom | springbok |
| koningprotea | bloukraanvoël | |












# Nasionale simbole

Voltooi die blokkiesraaisel.




DWARS

1. Ons nasionale voël verskyn op ons ____________________-muntstuk.
2. Ons nasionale blom is die ____________________ .
3. Ons nasionale boom is die ____________________.

AF

1. Daar is ____________________ tale in ons volkslied.
2. Ons nasionale dier is die ____________________ .
3. Die galjoen is ons nasionale ____________________ .


# Verskillende kommunikasiemetodes








Ons kommunikeer deur te praat.
Ons kan ook kommunikeer deur te skryf.
Soms kommunikeer ons sonder taal. Kyk na die prentjies. Elke prentjie vertel vir ons iets sonder om 'n taal te gebruik. Skryf neer wat die prentjies beteken.

























# Ons gebruik skrif en ons stemme om te kommunikeer

Ons gebruik skrif vir verskillende soorte kommunikasie. Kyk na die prente en skryf die korrekte byskrif onder elke prent.

faks | e-pos | brief | poskaart | SMS













# My poskaart

Verbeel jou jy is met vakansie op 'n dorp wat jy nog nooit tevore besoek het nie. Skryf 'n poskaart aan jou maat oor alles wat jy gesien en gedoen het.






POSKAART

Lees hierdie beskrywings van die stappe wat die poskaart moet volg. Kyk nou na die prente. Nommer die prente sodat hulle by die stappe in die beskrywing pas.


| | |
|---|---|
| 1 | Jy skryf jou poskaart. |
| 2 | Jy koop 'n posseël en plak dit op jou poskaart. |
| 3 | Jy pos jou poskaart in 'n posbus. |
| 4 | Die poswa neem jou poskaart na die poskantoor. |
| 5 | By die poskantoor word jou poskaart gesorteer saam met ander pos wat na dieselfde plek toe gaan. |
| 6 | Jou poskaart reis nou per trein of per vliegtuig na 'n poskantoor in daardie dorp. |
| 7 | 'n Posbode by daardie poskantoor lewer jou poskaart by jou maat se huis af. |



















# Ons kommunikeer ook deur **advertensies** en **musiek**









## Maak jou eie advertensie

Ontwerp jou eie plakkaat op die volgende bladsy om 'n nuwe roomys te adverteer. Sluit die volgende inligting by jou plakkaat in:

- Die naam van die roomys.
- Die prys.
- 'n Beskrywing van die roomys.
- 'n Beskrywing van die mense wat van die roomys sal hou.
- Waar mense die roomys sal kan koop.
- Jou advertensie moet kleurvol wees.











# Hoe kommunikeer ons as ons nie kan hoor nie?




Mense met gestremdhede moet dikwels ander maniere vind om te kommunikeer. Baie mense wat byvoorbeeld nie kan hoor nie, kan nie leer om te praat nie. Hulle gebruik hand- of vingertekens om met ander mense te kommunikeer. Ons noem dit gebaretaal. Verskillende tekens het verskillende betekenisse.





Probeer om jou eie naam in gebaretaal te sê.



# Hoe kommunikeer ons as ons nie kan sien nie?



Mense wat blind is en nie kan sien nie, gebruik die Braille-alfabet wanneer hulle lees en skryf. Die Braille-alfabet bestaan uit opgehewe knoppies op die papier wat jy met jou vingerpunte kan voel. Wanneer mense wat Braille ken, hulle vingerpunte oor die knoppies beweeg, kan hulle die woorde "lees". 'n Man met die naam Louis Braille, wat nie kon sien nie, het die Braille-alfabet uitgevind.




Hello






# Ek kan in Braille skryf.




Skryf jou naam in Braille.

Skryf die woord "hello" in Braille.


Skryf die woord "perd" in Braille.




Skryf die woord "olifant" in Braille.

# Dag en nag

Skryf dag of nag by die regte prent.
Kleur die gedeelte van die prent in wat wys dis dag of nag.





Nommer hierdie prentjies van 1 tot 6 in die regte volgorde.
















# Dagwerk en nagwerk


Party mense werk in die dag en ander werk in die nag. Sommige mense werk in die nag en aand. Kleur die prente op die volgende maniere in:

- Kleur die mense wat in die dag werk geel in.
- Kleur die mense wat in die nag werk rooi in.
- Kleur die mense wat in die dag en nag werk groen in.





# Nagdiere




Baie diere kruip in die dag weg om te slaap en kom net snags uit. Ons noem hulle nagdiere.

Party nagdiere bly daar waar dit gedurende die dag warm en droog is.

Nagdiere se sintuie is baie goed ontwikkel. Hulle kan baie goed:

sien


hoor






ruik






Party nagdiere kruip weg vir
ander diere wat gedurende die dag jag. Daar is ook
nagdiere wat gedurende die nag jag.










Uile slaap gedurende die dag, maar kom snags uit om te jag.
Hulle het groot oë wat vorentoe kyk, soos ons s'n.
Uile sien baie goed in maanlig. Hulle kan nie sien wanneer dit pikdonker is nie.
Uile het baie sterk, skerp kloue. Hulle gebruik hulle kloue om die klein diertjies wat hulle jag, stewig vas te gryp.
Hulle vlerke is met sagte vere bedek. Die vere help die uil om saggies te vlieg, dus hoor die diere wat hulle jag hulle glad nie.



# ystervark



Ystervarkies slaap bedags. Snags soek hulle kos. Hulle gebruik hulle sterk kloue om wortels en bolle uit te grawe sodat hulle dit kan eet. Hulle kruip graag onder rotse weg.




Hulle het penne oor hulle hele liggaam. Die penne is soos baie skerp naalde. Wanneer 'n dier hulle wil vang en te naby aan hulle kom, beweeg hulle vinnig agtertoe en steek hulle penne in die jagter se lyf in. Die penne val dan van die ystervarkie af sodat hy kan vlug. Die jagter is gewoonlik te seer om die ystervark agterna te sit.







# Nagdiere

Skryf die name van die nagdiere neer.

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| | | |

| | | |
|---|---|---|
|  |  |  |
| | | |

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| | | | |

Knip die prente uit en skep jou eie nagdiere kunswerk op die volgende bladsy. Jy kan jou eie prente by teken.



